

# The Good News (Afrikaans)

## Die Evangelie, Die Goeie Nuus

**“In die begin het God die hemel en die aarde geskep.” (Gen1:1)**

In die studie van die goeie nuus, is dit eerstens belangrik om te verstaan dat die aarde en die materiële wêreld 'n produk is van 'n doel, nie 'n toevalligheid nie. Na hierdie stelling, leer ons van die orde in wat God alles geskep het om op die aarde te wees. Op die derde dag, het Hy die plante wêreld gemaak en na dit die al die diere. Alles is geskep met 'n genetiese informasie sisteem, wat voortplanting moontlik maak. Visse was visse van die begin af, net so was ape, ape van die begin af. Na dit het God mense geskep, apart van diere.

**“God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep” (Gen 1:27)**

God se houding teenoor die mens is liefdevol en genadig.

**Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.” (Gen1:28)**

Van die vers sien ons duidelik dat die mens nie afkomstig is van diere nie. Verder leer ons die mens se lewe nie betekenisloos is nie. Intendeel dit is vol betekenis van 'n God gegewe verantwoordelikheid.

Die mens se sukses, as opsigter van die wêreld hang grootliks af van sy gehoorsaamheid aan die Skeppers se gebooië. Oor 'n lang tydperk leer ons dat een daad van ongehoorsaamheid van die eerste man op aarde, 'n ernstige en negatiewe impak om die hele mensdom gehad het. In verband met hierdie dinge sê die Woord die volgende,

**“Verder nog dit: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.” (Rom5:12)**

Sonde is 'n woord wat beteken "om die merk te mis" Die merk wat gemis word, is absolute and gelykmatige regverdigheid van God.

Ons is almal die nageslag van Adam wat ongehoorsaam was aan God die Vader. Deur fisiese geboorte het ons sy natuur ge-erf – 'n natuur met kapasiteit en gewilligheid om goed en sleg te doen. So vir ons is dit onmoontlik om altyd regverdig te wees. So die Woord sê:

**"Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie" (Rom 3:10)**

Dit is waar dat ons goeie werke kan doen in woord, gedagte en daad. As gevolg van ons gebrekkige of besoedelde natuur doen ons aanhoudende verkeerde of slegte daad. Hieroor se die Woord:

**"Almal het gesondig en is ver van God af, " (Rom3:23)**

Geen mens is vry van hierdie penarie nie, dit is 'n on-ontsnappbare situasie. Geen hoeveelheid goeie werke of godsdienstige aktiwiteite kan die probleem oplos nie. Dis is omdat ons goeie werke van die dieselfde natuur afkomstig is dieselfde as die natuur wat die slegte werke doen.

Die woord Evangelie beteken 'goeie nuus'. Die goeie nuus is dat God die Vader, Skepper van die aarde and lewe op aarde, dit op homself neem om die probleem op te los.

Geen goeie daad kan vergoed vir die sonde wat ons doen nie. Net die werk van God ons Skepper kan dit doen.

Hy het ons verlossing, nie op grond van iets wat ons vir ons vrypraak gedoen het nie, maar op grond van Sy ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. (Titus 3:5,6)

Jesaja die profeet noem beide die menslike probleem and die goddelike oplossing,

**Ons het almal gedwaal soos skape ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. (Jesaja 53:6)**

Die ou profeet het vir die mense van God gesê dat net God die Vader 'n opoffering kan maak wat goed genoeg sal wees, wat die straf vir ons almal se sonde kan dra.

Jesus Christus, die seun van God, getuig van hierdie historiese feit op hierdie manier,

“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Hier is dan die goeie nuus van wat Jesus vir ons almal gedoen het, soos wat dit staan in die Nuwe Testament,

**Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. (1 Kor 15:3,4)**

Dit is die wese van die evangelie. Jesus Christus, die Seun van God, is gekruisig en het die straf vir ons sondes op Hom geneem.

Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel, sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

**Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. (1 Pet 2:24)**

Hy is dood and was begrawe, drie dae later het Hy opgestaan uit die dood. Deur Sy dood het Hy die straf betaal vir ons sondes en Sy opstanding wys dat Hy die dood oorwin het. Dit wys dat as ons ons vertrou in Jesus plaas, ons vergifnis vir ons sondes sal ontvang en ook die ewige lewe.

Weereens, wanneer Marta me Jesus praat oor die dood van haar broer, neem volgende gesprek plaas,

**Maar Marta sê vir hom: "Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan" Toe sê Jesus vir haar: "Jou broer sal uit die dood opstaan." (Joh11:25-26)**

Die groot werk van God is gedoen 2000 jaar terug vir ons. Dis was alles aangetekn in die Skrifte. Geskiedkundig is dit bekend as die evangelie of die goeie nuus. Dit is nou ons sin om the ontvang, nie deur goeie werke nie maar deur geloof.

**Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemend enige rede om op homself trots te wees nie. (Efes 2: 8,9)**

En as iemand nou die volgende vraag vra, "Wat moet ek doen om gered te word, en om my vergifnis vir my sondes te ontvang," so staan die geskrywe,

"... Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

In verband me Jesus, staan dit so geskryf:

**Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. (Joh 1:12)**

Paul die Apostel skryf,

As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met ons hart glo ons, en ons word vrygespreek ; en met die mond bely ons, en ons word gered.

Vandag kan die dag van jou verlossing wees en deur jou geloof in Jesus Christus, die Seun van God, kan jy toegang tot die ewige lewe kry.

**"...want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. (Rom 10:13)**